# 2023 Voorgeskrewe letterkunde Graad 12

## Gedig 10: Die hardloper – Ernst van Heerden

## *Verskuns* vir Eerste Addisionele Taal, bladsy 78

KONSEP



# Gedig 10. Die Hardloper – Ernst van Heerden

1. Digvorm
2. Analise
3. Tema en boodskap
4. Beeldspraak en stylfigure
5. Toon en stemming

Aktiwiteit 10



# Gedig 10 Die hardloper –

# Ernst van Heerden

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

**Geboortedatum en -plek:** Ernst van Heerden is op 20 Maart 1916 op Pearston in die Oos-Kaap gebore. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Grey in Port-Elizabeth en studeer aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het in 1936 sy M.A. behaal.

**Letterkundige werke en prestasies:** Sy werke sluit vyftien digbundels, een epiese gedig, opstelle, reisdagboeke en outobiografiese werke in. Sport is ’n belangrike deel van sy gedigte soos *Die bokser*, *Die hardloper, Die swemmer, Vraag van die boogskutter* en *Die gewigopteller*. In 1948 verwerf hy internasionale bekendheid met die toekenning van ’n Olimpiese Spele-silwermedalje vir sy *Ses gedigte*.

***Die hardloper***
*Ernst van Heerden*

*1. Met wilde  maar met suiwer hart*
*2. het hy die woeste wedren fel begin,*
*3. en elke myl met rappe voet getart,*
*4. hy sou die vlugste lopers nog oorwin.*

*5. Sy hart het hoog geklop, sy bloed was heet,*
*6. die winde het sy haregolf gelig;*
*7. met snelle draf het hy die baan gemeet,*
*8. die vreug van spierkrag was op sy gesig.*

*9. Hy het geloop met stormdrang in sy bloed,*
*10.sy ademstoot 'n hete windgejaag,*
*11.die see se branding in sy strenge moed,*
*12.toe hoor hy reeds die donker, bitter vraag:*



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

*Wie is die ongesiene makker in die loop,*
*van wie die voet langs syne en die wind*
*van asem agter hom, van wie die hoop*
*dat nog ’n bors die dun wit lint mag vind?*

*Dié vreemde spanmaat het hy nie geken,*
*nooit hardloop hy weer sonder pyn of vrees;*
*hy  weet al het hy nou die loop gewen,*
*die ander man sal eendag eerste wees.*

[Uit: *Weerlose uur*, Nasionale Pers, 1942]

# Opsomming

- Die hardloper is opgewonde en positief oor die wedloop. Sy hart is "suiwer", want hy weet hy het hard geoefen, hy kan wen alhoewel dit nie ŉ maklike wedloop gaan wees nie.
- Die hardloper beplan sy wedloop en geniet dit, bewus van die krag van sy geoefende liggaam. In reël 12 en 13 is daar ŉ wending.
- Die hardloper word nou negatief. Hy weet ŉ opponent gaan hom eendag wen. Die "vreemde spanmaat" simboliseer dalk ouderdom of dood. Dié "spanmaat" gaan ons almal eendag wen, want niemand kan vir altyd lewe nie.

# 1. Digvorm

*Die hardloper is ’n* gedig met 20 reëls. Daar is 5 strofes. Al vyf is kwatryne met vier reëls elk. Kruisrym kom voor in strofes 1, 2, 3, 4 en 5.

# 2. Analise

Die titel verwys na ŉ spesifieke atleet.
Die persoon kompeteer in ŉ wedloop teen ander atlete.
Kruisrym versterk die gedagte van die mens se worsteling met die idee van doodgaan. Die idee van dood/doodgaan kruis jou pad daagliks.

***Die hardloper* – Ernst van Heerden**

*Met wilde  maar met suiwer hart*
*het hy die woeste wedren fel begin,*
*en elke myl met rappe voet getart,*
*hy sou die vlugste lopers nog oorwin.*

r.1: Die hardloper is opgewonde oor die kompetisie. Sy hart is “suiwer”, want hy weet hy kan wen, hy het hard geoefen en is reg om te wen.

r.2: Dit is nie ŉ maklike wedloop nie, daarom gaan hy die wedren  voluit hardloop. (Indirek word die atleet se wedloop met die felle/woeste kompetisie van ŉ (motor)wedren vergelyk).

r.2: Alliterasie: Herhaling van die w-klanke. Beklemtoon die intensiteit van die wedloop, die intensiteit van die aanslae van die lewe.

r.3: “myl” wys daarop dat dit ŉ langafstand-wedloop is. Die atleet se wedloop word met ŉ motorwedren vergelyk en daarom is die gebruik van “myl” gepas. (Nie verwysing na die ou straatmyl nie – hierdie wedloop vind om ŉ baan plaas).

r.4 Die hardloper glo in homself en weet hy is steeds vinniger as die vinnigste atlete.

- Hy is selfversekerd. Hy sal die beste atlete kan wen.
- Lopers dui op hardlopers.



## Opsomming van Strofe 1

In die eerste strofe beskryf die spreker die positiwiteit waarmee die hardloper die wedloop aanpak.



r.5: Die hardloper is so opgewonde dat sy hart vinniger klop.
Sy bloed het warm deur sy are gebruis/geklop.

r.6: Die wind het deur die hardloper se hare gewaai.

5. *Sy hart het hoog geklop, sy bloed was heet,*
6. *die winde het sy haregolf gelig;*
7. *met snelle draf het hy die baan gemeet,*
8. *die vreug van spierkrag was op sy gesig.*

r.7: Terwyl hy vinnig gehardloop het, het hy die afstand wat hy nog moet hardloop, gemeet.

r.7: Inversie word aangewend ter wille van rym (rymdwang).




r.8: Vreugde word afgekort tot “vreug” ter wille van die ritme.

r.8: Hy het die wedren (strofe) geniet. ŉ Mens kan die vreugde op sy gesig sien.

## Opsomming van Strofe 2

In die tweede strofe beskryf die spreker wat gebeur met die atleet terwyl hy hardloop. Hy geniet die wedloop en is seker dat hy gaan wen.

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

*Hy het geloop met stormdrang in sy bloed,*
*sy ademstoot 'n hete windgejaag,*
*die see se branding in sy strenge moed,*
*toe hoor hy reeds die donker, bitter vraag:*

r.9: Adrenalien het in sy are gebruis.
Die atleet is gedetermineerd/gemotiveerd om te wen.

r.10: Sy asemhaling word vinniger en dit voel warm.


r.11: Daar is 'n gedruis in sy ore.

r.12: Inversie: Omgekeerde woordorde
Funksie: Beklemtoon die wending asook die geforseerde rym (rymdwang).

r.12: "donker" en "bitter. Sy gedagtes word negatief/hy begin anders oor die lewe te dink.

r.12: "toe" en die dubbelpunt (:) dui die wending aan.
Die inhoud van die gedig verander skielik. In die eerste drie strofes was die hardloper positief en seker daarvan dat hy altyd gaan wen, maar iets het gebeur wat hom aan die dink gesit het.
In die vierde strofe besef hy dat daar 'n ander sterker ("ongesiene makker") atleet naby hom hardloop. In strofe vyf besef hy dat die ander atleet (die dood) hom beslis in die toekoms gaan wen.

In reël 12 en 13 vind daar 'n wending plaas.





## Opsomming van Strofe 3

In die derde strofe ervaar die hardloper elemente van ŉ storm, naamlik die wind, die see se branders en donkerte. Hier vind die wending plaas en die hardloper ervaar ŉ nuwe gewaarwording.

r. 13: Hy raak bewus van ŉ ander atleet wat hy nie kan sien nie, maar hy weet hy is in ŉ baan naby hom.

r.13: Skep spanning: ŉ mens sien die ander atlete wat deelneem voor die wedloop begin.

*Wie is die ongesiene makker in die loop,*
*van wie die voet langs syne en die wind*
*van asem agter hom, van wie die hoop*
*dat nog ŉ bors die dun wit lint mag vind?*

r.15: Die ander atleet hardloop so naby hom, hy kan sy asemhaling hoor en/of voel.
Herhaling van die woord (van) <u>wie</u> is ŉ retoriese vraag en beklemtoon die “ongesiene makker” (dood) wat uiteindelik die wedloop gaan wen.

r.16: Die “ongesiene makker” het ook hoop om die wedloop te wen.

r. 15 – 16: Enjambement. Reël loop oor in ŉ ander. Reël sonder leestekens om die retoriese vraag as eenheid te bind. Ritme versnel deur die gebruik van die enjambement.

r.13 – 16: Die retoriese vraag beklemtoon die druk wat die “ongesiene makker” (die dood) op die hardloper plaas.

r.13: Die digter gebruik die woorde “ongesiene makker”.
Letterlik (denotatief): die atleet hardloop in die baan langs hom.
Figuurlik (konnotatief): hy praat van die wedloop teen die dood wat hy uiteindelik (eendag) gaan verloor.

r.14: Die “ongesiene makker” hardloop naby hom, hulle voete is amper gelyk.
Die ander atleet is besig om hom in te haal.



**Opsomming van Strofe 4**


In die vierde strofe word die hardloper bewus van die kompetisie. Die spreker gebruik sintuiglike waarneming om die kompetisie te beskryf. Hy *hoor* hom.

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

r.17: “vreemde” spanmaat word beklemtoon en mag dalk verwys na die dood.

r17: Dit beteken dat hy nie die atleet geken het nie.

r.18: Kontras: Die hardloper was aan die begin van die wedren seker hy gaan wen (reël 4), maar nou is hy bang om te verloor.



*Dié vreemde spanmaat het hy nie geken,*
*nooit hardloop hy weer sonder pyn of vrees;*
*hy weet al het hy nou die loop gewen,*
*die ander man sal eendag eerste wees.*

r.20 Hy besef die “ongesiene makker” (die dood) sal hom nog in die toekoms wen.

r.20: Assonansie: Die funksie van die lang ee-klank is om sy veranderende gevoelens teenoor die wedloop te beklemtoon.

r.18 Die hardloper is nie meer selfversekerd nie.

r.18: Inversie: Omgekeerde woordorde.

r.18: Funksie: Beklemtoon die vrees vir die dood.

r.19: Die hardloper het hierdie wedloop gewen.

## Opsomming van Strofe 5

Die vyfde strofe beskryf die gevolg van die “ongesiene makker” (die onvermydelike dood) op die hardloper – dit bring pyn of vrees.

**Progressie:**

Reël 1 tot 12: Die atleet is selfversekerd, sterk en seker van sy oorwinning.
Reël 13 tot 20: Die hardloper besef dat hy nie altyd sterk sal wees nie, maar oud gaan word en eendag gaan sterf.
Rymdwang: Die digter forseer woorde ter wille van rym en metrum.
Hy gebruik "rappe" (reël 3), "vlugste" (reël 4) en "snelle" (reël 7) in die plek van **vinnig**.

# 3. Tema en boodskap

•Die **tema** van die gedig is ŉ wedloop wat gehardloop word. Universeel gaan dit ook oor die wedloop teen die dood waaraan elke mens deelneem. Die dood gaan uiteindelik almal inhaal.

•Die **boodskap** van die gedig is dat die mens verganklik is. (Die mens is sterflik.)

# Beeldspraak en  stylfigure

**Die hardloper – Ernst van Heerden**

1. *Met wilde  maar met suiwer hart*
2. *het hy die woeste wedren fel begin,*
3. *en elke myl met rappe voet getart,*
4. *hy sou die vlugste lopers nog oorwin.*

5. *Sy hart het hoog geklop, sy bloed was heet,*
6. *die winde het sy haregolf gelig;*
7. *met snelle draf het hy die baan gemeet,*
8. *die vreug van spierkrag was op sy gesig.*

9. *Hy het geloop met stormdrang in sy bloed,*
10. *sy ademstoot 'n hete windgejaag,*
11. *die see se branding in sy strenge moed,*
12. *toe hoor hy reeds die donker, bitter vraag:*

r.9-12:  **Metafoor:** wedloop van die lewe word vergelyk met 'n storm.

**Metafoor** (reël 13) : Die wedloop van die atleet word metafories vergelyk met ’n wedloop teen tyd/dood.

*Wie is die ongesiene makker in die loop,*
*van wie die voet langs syne en die wind*
*van asem agter hom, van wie die hoop*
*dat nog ’n bors die dun wit lint mag vind?*

*Dié vreemde spanmaat het hy nie geken,*
*nooit hardloop hy weer sonder pyn of vrees;*
*hy weet al het hy nou die loop gewen,*
*die ander man sal eendag eerste wees.*

r.13: Die “makker” **simboliseer** die dood.

r.13: **Ironies:** ’n Makker is ’n spanmaat, maar hier bedreig die “makker” “die hardloper”.

r.13-16: **Ironies**: Die “makker” is veronderstel om ’n vriend te wees, maar in die gedig is dit die hardloper se teenstaander.

r.13, 17, 20: **Ironies:** ’n Makker is ’n spanmaat, maar hier bedreig die “makker” “die hardloper”. Die gebruik van die woorde “ongesiene”, “vreemde” en “ander” skep spanning.

r.4, 20: **Kontras**: Die hardloper was aanvanklik selfversekerd en seker van sy oorwinning. Later twyfel hy in sy vermoëns om te wen.

# 5. Toon en stemming

•**Toon:** In *Die hardloper* voel die atleet eers opgewonde oor die wedloop. Later word hy minder positief omdat hy besef daar is ŉ “ongesiene makker” wat in sy nek blaas en ook graag die wedloop wil wen.

•**Stemming**: Daar heers ŉ stemming van spanning met die besef dat die hardloper uiteindelik later die wedloop gaan verloor.

# Aktiwiteit 10

Voltooi aktiwiteit 10 in die Studiegids: *Verskuns* vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Graad 12 EAT Voorgeskrewe teks.

Lees die gedig weer deur en beantwoord dan die vrae.

10.1 Voltooi die sin.

Die hardloper gaan moontlik ŉ … hardloop. (1)

10.2 Wat maak die hardloper so selfversekerd dat hy oortuig is dat hy gaan wen? Noem TWEE redes. (2)

10.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (10.3) en die letter (A-D) neer.

In reël 3 word die woord "getart" … gebruik.

A letterlik
B ironies
C figuurlik
D sarkasties (1)

basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# Aktiwiteit 10

10.4 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit strofe 1 aan wat daarop dui dat die hardloper teen die beste atlete gehardloop het. (1)

10.5 Kies die woord uit KOLOM B wat by die voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A-E) langs die vraagnommers neer, bv.(10.5(a) tot 10.5.(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "het hy die woeste wedren fel begin," | A Assonansie |
| (b) "toe hoor hy reeds die donker, bitter vraag:" | B Alliterasie |
| (c) "ander man sal eendag eerste wees." | C Metafoor |
| (d) "sy ademstoot 'n hete windgejaag," | D Vergelyking |
| | E Wending |

(4)


basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

# Aktiwiteit 10

| | | |
|---|---|---|
| 10.6 | Die hardloper se wedloop word metafories vergelyk met die wedloop van die lewe. Wanneer is die wedloop van die lewe verby? | (1) |
| 10.7 | “Met wilde maar met suiwer hart<br>het hy die woeste wedren fel begin,” (reël 1 en 2)<br>Watter uitwerking het die wedloop op die hardloper se liggaam? Noem EEN rede. | (1) |
| 10.8 | Die hardloper het goed voorberei vir die wedloop.<br>Sê hoe hy vóór die tyd gevoel het om deel te neem en sê hoe sy houding verander het nádat hy bewus raak van die “ongesiene makker”. (reël 13) | (2) |
| 10.9 | Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 12? | (1) |

# Aktiwiteit 10

| | | |
|---|---|---|
| 10.10 | Beantwoord die volgende vrae.<br><br>(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (10.10 (a)) en die antwoord neer.<br><br>Die tema van die gedig is dat die (dood/lewe) uiteindelik sal oorwin.<br><br>(b) Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? | (1)<br><br>(1) |
| 10.11 | Bespreek die ironie in die woorde "ongesiene makker". (reël 13) | (2) |
| | | **[18]** |

| PRENT | VRAAGNOMMER | PRENT WEBADRES |
|---|---|---|
|  | Gedig nr. 10 Die hardloper | [Livestrong.com] https://media.istockphoto.com/vectors/run-set-of-running-people-isolated-vector-silhouettes-group-of-men-vector-id1092683104 |
|  | Gedig nr. 10 Die hardloper | https://media.istockphoto.com/photos/runner-breaking-finish-line-tape-picture-id530907415 |
|  | Gedig nr. 10 Die hardloper | https://media.istockphoto.com/vectors/winning-gesture-emoticon-vector-id1041299888?s=612x612 |
|  | Gedig nr. 10 Die hardloper | https://media.istockphoto.com/vectors/grimacing-emoticon-vector-id518118888?s=612x612 |
|  | Gedig nr. 10 Die hardloper | https://media.istockphoto.com/vectors/arrow-line-vector-icon-on-white-background-vector-id1093587922?s=612x612 |
|  | Gedig nr. 10 Die hardloper | https://media.istockphoto.com/vectors/hearing-ear-icon-vector-graphics-vector-id1268414791?s=612x612 |
|  | Gedig nr. 10 Die hardloper | https://media.istockphoto.com/photos/runner-breaking-finish-line-tape-picture-id530907415 |

| PRENT | VRAAGNOMMER | PRENT WEBADRES |
|---|---|---|
|  | Gedig nr. 10 Die hardloper | https://media.istockphoto.com/photos/closeup-view-of-huge-ocean-waves-picture-id155380802?s=612x612 |
|  | Gedig nr. 10 Die hardloper | https://media.istockphoto.com/photos/international-marathon-runner-picture-id629766278 |
|   | Gedig nr. 10 Die hardloper | https://media.istockphoto.com/photos/runner-breaking-finish-line-tape-picture-id530907415 |

Every child is a National Asset

Dankie.

www.education.gov.za

Facebook: DBE SA
Twitter: @DBE_SA

Callcentre@dbe.gov.za
Callcentre: 0800 202 933

basic education

Read to Lead